# MATT 15:21-28 GOD ONTFERM HOM OOR ALLE MENSE

JESUS STEEK DIE GRENSE OOR
Dit voel my ek bid teen ‘n muur vas!
Ja, ek weet ek hoort eintlik nie hier nie en ek behoort nie te doen wat ek doen nie. Ek is nie ‘n Israeliet nie, maar **‘n Kanaaniet**. Die Jode het nie vir ons tyd nie. Hulle beskou ons as onrein, as minder as niks!
Boonop is ek **‘n vrou**. ‘n Vrou spreek nie sommer ‘n man in die openbaar aan nie. Sy moet haar plek ken. Sy het nie regte nie.
Maar adak is ek **‘n MA** … met ‘n bitterlike siek dogter! Niemand kon tot dusver vir haar enigiets doen om haar te help nie. Sy is in die mag van die duiwel en dit gaan sleg.
Daarom gee ek nie om wat mense van my dink of aan my doen nie. Ek is desperaat om hulp.

Toe ek van Jesus **gehoor het**, was dit vir my wonderlike nuus. Mense het vertel van sy warm hart, sy inspirerende woorde en kragtige wonderwerke. Ek is wel nie ‘n Jood nie, maar ek het al gehoor van die **Messias** uit die nageslag van hul koning Dawid op wie se koms hulle wag. Jesus moet daardie Messias wees!
En toe ek hoor dat Hy hom **in ons omgewing** bevind, was daar geen keer aan my nie. Hy was my enigste hoop.

**My koms** was natuurlik vir Jesus en sy geselskap totaal **onverwags**. Ek het nie ‘n afspraak gehad nie. Ek kon aan die dissipels gou agterkom dat ek nie baie welkom was nie. Ek het aanhoudend geroep: *“Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van ‘n duiwel, en dit gaan sleg.”*
Maar niemand het skynbaar **simpatie met my nie**. Niemand steur hulle aan my nie. Ek is mos ‘n “outsider” – ‘n vrou, ‘n nie-Jood.
Die dissipels raak ge-irriteerd en ongeduldig. Ek hoor hoedat hulle vir hul Meester sê: *“Stuur haar weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons. Haar gedrag is onaanvaarbaar!”* Maar ek laat my nie deur hul houding afsit nie. Ek glo Hy is nie soos hulle nie!

**Uiteindelik** draai Hy na my toe. *“Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur”*, sê Hy. Die woorde tref my soos ‘n **skoot koue water**. Moet ek nou maar omdraai en teruggaan na my dodelike siek dogter toe? Ek kan my nie sover kry om dit te doen nie. Ek besluit om my nog verder te verneder en waag dit tot voor Hom en kniel by sy voete en sê: *“Here, help my!”*
Hy praat weer. *“Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.”* Ek weet maar te goed dat die Jode ons “honde” noem. Dis seker waarna Hy verwys. Maar hierdie keer gee ek nie om nie. Laat ek dan maar ‘n hond wees, solank ek tog net ‘n krummel kan kry wat van die tafel val! Ek WEET ek is ‘n sondaar en ek WEET ek verdien nie Jesus se hulp nie en dat ek niks meer kan doen as om net soos ‘n bedelaar verleë voor Hom te kniel nie. Maar ek vertrou Hom te veel om op te gee!
*“Mevrou,”* hoor ek Hom sê, *“jou geloof is groot. Jou wens word vervul.”*
Jesus steek die grense oor.
Van daardie oomblik af was die dogter gesond.

WIE IS JY?
Ek wonder waar en in wie in die verhaal **herken jy jouself** vandag? Is jy dalk die vrou met die **groot las** op die hart vir iemand anders? Is jy daar waar dit nog vir jou voel jy **bid teen die plafon** vas? Niemand gee regtig vir jou in jou nood om nie? Mense is al geirriteerd met jou? Of miskien daar waar jy desperaat voor Jesus **kniel**? Of dalk bid jy **nie eens meer** nie… Of dalk kan jy vandag **getuig** hoedat Hy jou gebed verhoor het soos hierdie vrou sekerlik gedoen het na alles wat gebeur het!
Of herken jy jou dalk in die **dissipels**? Jy het nie veel ooghare vir die heidene in hulle nood nie. Jy gee nie veel om vir hulle wat nie aan jou kerk of jou volk of jou ras of klas behoort nie: Vigslyers, prostitute, vreemdelinge, bergies, straatkinders, dwelmverslaafdes, gays, Jode, Moslems… Hulle is net lastig, 'n steurnis. Hulle kom krap net alles om. *"Dis vir ons paartjies so lekker saam met Jesus en veral saam met mekaar hier in ons gemeente of sel of Bst groep dat ons nie eintlik nuwelinge verwelkom nie."*
**Sou dit nie pragtig** gewees het as die dissipels haar omarm en ondersteun het en saam met haar op hulle knieë geval en vir Jesus gesoebat het om haar te help nie?! Hulle het klaarblyklik **naasteliefde** kortgekom, maar bes moontlik ook **geloof** dat Jesus haar dogter wel sou KON help.

GROOT GELOOF
Dit is merkwaardig dat die enigste twee kere dat die Bybel iemand se **geloof groot** noem, dit by monde van Jesus is en aangaande twee heidene gesê word. Die ander persoon was die offisier van Kapernaum van wie ons in H8 lees.
<u>Wat was so groot aan hierdie vrou se geloof?</u> Dat sy self **so klein** was en nogtans Jesus ondanks alles wat teen haar was, **so vertrou** het. Sy het besef en erken sy is maar net 'n hond, sy kan niks bied nie, sy verdien niks nie. <u>Geloof is leë hande</u>.
Maar sy het ook nie stil gesit en niks doen nie. Geloof is nie net 'n **intellektuele instemming** dat die evangelie waar is nie. Dit is ook om volgens daardie oortuiging **te handel**. By haar sien ons wat **Paulus** bedoel wanneer hy skryf van *"geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan"* (Gal.5:6): Sy was ontsettend **lief** vir haar kind (vd duiwel besete of te nie), sy het **geglo** dat Jesus genoeg mag het om vir Jode EN heidene te kan help, en sy het na Hom toe **gegaan** en voor Hom gekniel en volhardend by Hom gepleit, ondanks al die struikelblokke wat sy teengekom het.

SLOT
Het die dissipels daarna **skaam gekry**? Was hulle **bly** saam met haar? Het dit hulle **gesindheid** teenoor die heidene laat verander? Ek weet nie. Wat dink jy?
Ek weet net dat omdat die meerderheid Israeliete Jesus nie as hul Messias wou aanvaar nie, Hy hom toe **tot die heidene** gewend het. Paulus stel in Rom 11 (:11) die vraag: *"Het Israel se struikeling hulle finale val beteken? Beslis nie! Maar deur hulle val het die redding na die heidennasies toe gekom om die Jode jaloers te maak."* <u>So het die bdskp van hoop en verlossing ONS OOK (nie-Jode) bereik.</u> God het Hom oor ONS OOK ontferm en die nagmaal is die bevestiging daarvan.

In ons samelewing is daar **baie grense** wat te doen het met goed soos ras, inkomste, status, geloof en taal.
As volgelinge vd HJ moet ons **bereid wees** om die grense oor te steek om ander te help, <u>want God ontferm hom oor alle soorte mense.</u>

Amen

17 Aug 2008

Gespreksvrae:

1. Lees eers weer die Skrifgedeelte.
2. Met wie in die verhaal kan jy jou die beste vereenselwig?
3. Watter “grense” moes Jesus daardie dag oorsteek?
4. Was daar al kere toe jy jou vooroordele en voorkeure moes laat vaar ten einde iemand te kon help? Vertel.
5. Het jou houding teenoor sekere mense/ groepe mense al positief verander teenoor wat dit vantevore was? Wat sou die rede daarvoor wees?
6. Met watter grense sukkel jy nog om oorgesteek te kry? Wat gaan jy daaromtrent doen?
7. Beteken ‘n groot geloof om nie nee vir ‘n antwoord te aanvaar nie? Wat dan?
8. “So what?!” (Wat nou?)